

Die Sakrament van die Eucharistie

Die Sakrament van die Eucharistie is ons werklike deelname in die offer van die Liggaam en Bloed van die Here Jesus, wat Hy ingestel het (Witte Donderdag) om die kruisoffer deur die eeue heen tot by sy wederkoms te laat voortduur (c. 1 Kor. 12,23 “in die nag waarin Hy oorgelewer is”). Daardeur het Hy aan sy Kerk die herdenking van sy dood en opstanding toevertrou. Die Eucharistie is die teken van eenheid, die band van liefde, die Paasmaal, waarby die Liggaam en Bloed van Christus deur die gelowiges ingeneem word en hul harte met genade vervul word. Dit is ons waarborg van die ewige lewe.

